

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g wit DMC Nr. 5 (50-g-bolle); hekelpen van 2 mm.

MATE: Ongeveer 30 x 44 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st of lb, om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.

Net-st: 1kb in vlg sp, *3ks, 1kb in vlg sp.

Picot-net-st: (1kb, 3ks, 1kb) in vlg sp, 5ks.

AANWYSINGS: Begin met 250ks, 1lb in 8e ks vanaf hekelpen, *2ks, 1lb in vlg st; herh tot einde; 81 sps – draai. Hekel nog 1 ry van 81 sps, draai.

Volg diagram tot stippellyn bereik is, draai diagram om, en hekel tweede deel van ry in omgekeerde volgorde. Hekel so voort tot motiewe voltooi is.

Hekel nog 2 rye filet-sps, maar moenie garing afknip nie.

OMRANDING: 1e rondte: *5 net-ste, 1kb in vlg sp, 5ks, slaan 1 sp oor; herh vanaf *, sorg dat daar 'n 5ks-sp aan elke hoek is – kyk op foto.

2e rondte: *4 net-ste, bokant 5 van vorige rondte, 1kb in laaste 3ks-sp, 3ks, (1lb, 2 ks, 1lb) in 5ks-sp, 3ks; herh vanaf * rondom.

3e rondte: *3 net-ste bokant 4 net-ste, 1kb in laaste 3ks-sp, 5ks, (1lb, 3ks, 1lb) in 2ks-sp, 5ks; herh vanaf * rondom.

4e rondte: *2 net-ste bokant 3 net-ste, 1kb in laaste 3ks-sp, 7ks, (1dsl, 3ks, 1dsl) in 3ks-sp, 7ks; herh vanaf * rondom.


5e rondte: *1 net-st bokant 2 net-ste, 1kb in tweede 3ks-sp, 9ks, (1lb, 2ks) 4 keer, plus 1lb in 3ks-sp tussen dsl, 9ks.

6e rondte: *3kb in net-sp, 10kb in 9ks-sp, 1kb in elke lb en 2kb in elke 2ks-sp, 10kb in 9ks-sp; herh rondom.

7e rondte: *(1kb, 3ks, 1kb = 1 picot) in 3kb bokant laaste net-sp, 10kb in 10kb, (1kb, 3ks) in elk van die 5lb van vorige rondte, 1kb in laaste lb, 10kb in 10kb. Herh rondom. Knip gare af en werk netjies af.



Mooi matjie



□ = spasie

⊗ = blokkie

